LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

# TAALBELEID

# INHOUDSOPGAWE


1. **Titel van die beleid**
2. **Effektiewe datum**
3. **Hersienings geskiedenis**
4. **Woordomskrywing**
5. **Uitgangspunt en basis**
6. **Taalbeleid onderhewig aan ander wetlike bepalings**
7. **Taalgebruik by skool**
8. **Bevordering van veeltaligheid**
9. **Datum van goedkeuring**

LAERSKOOL ANTON VAN WOUW

# 1. TITEL VAN DIE BELEID: TAALBELEID

## 2. EFFEKTIEWE DATUM: 2016

## 3. HERSIENINGS GESKIEDENIS

| GEWYSIGING | JUNIE 2021 |
|---|---|
| | JULIE 2024 |
| | MEI 2026 |
| | |
| DATUM VAN VOLGENDE WYSIGING | |
| 1 JULIE 2027 | |

Die Beheerliggaam van Laerskool Anton van Wouw het ingevolge Artikel 6(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) soos gewysig op 20 Desember 2024 die beleid soos verder hierin uiteengesit ten aansien van die taal van onderrig en kommunikasie by die skool goedgekeur.

## 4. WOORDOMSKRYWING

In hierdie dokument, tensy anders bepaal of uit die samehang anders blyk, het woorde en uitdrukkings dieselfde betekenis as in die Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) en beteken:

4.1 "Beheerliggaam" – die Beheerliggaam van die skool voorsien in Artikel 16 van die Suid Afrikaanse Skolewet Wet 84 van 1996;

4.2 "Grondwet" – die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet 108 van 1996).

4.3 "Skoolhoof" – die hoof van die skool soos bedoel in die Suid-Afrikaanse Skolewet, asook 'n opvoeder by die skool met die goedkeuring van die skoolhoof en die beheerliggaam namens die skoolhoof handel;

4.4 "Regulasies" – die norme en standaarde vir taalbeleid in openbare skole deur die Minister van Onderwys in die Staatskoerant afgekondig in;

4.5 “Ministeriële Riglyne” – die Riglyne vir Doeleindes van die Implementering van Sekere Wysigings in 2024 tot die Suid – Afrikaanse Skolewet, Nr. 84 van 1996 uitgereik deur die Minister van Basiese Onderwys op 12 Junie 2025.

4.6 “skool” – Laerskool Anton van Wouw - ‘n openbare skool wat onderrig vanaf Graad R tot Graad 7 aanbied.

4.7 “taalbeleid” – die taalbeleid in hierdie dokument vervat.

## 5. UITGANGSPUNT EN BASIS

5.1 Die uitgangspunt en basis van die taalbeleid is dat volle effek gegee word aan al die fundamentele regte ten aansien van die keuse van taal van leerders in onderwysverband soos in die algemeen erken in die Handves van Regte in hoofstuk 2 van die Grondwet en spesifiek vermeld in artikel 29(2) van die Grondwet, die belang van die bevordering van moedertaalonderrig van leerders, die bevoegheid van ‘n beheerliggaam om taalbeleid van ‘n openbare skool te bepaal ingevolge artikel 6(2) van die Suid - Afrikaanse Skolewet en die Nasionale Norme en Standaarde vir Taalbeleid soos bepaal ingevolge artikel 6(1) van die Suid - Afrikaanse Skolewet saamgelees met die Gautengse Skolewet, Nr 6 van 1995 ook met inagneming van die Ministeriële Riglyne vir die implementering van wysigings tot die Suid - Afrikaanse Skolewet.

5.2 Hierdie beleid is hersienbaar elke drie jaar, of indien enige regulasies, norme en standaarde of wetgewing sou verander óf indien enige omstandige of faktore wat die Beheerliggaam in ag moet neem, wesenlik sou verander.

## 6. TAALBELEID ONDERHEWIG AAN ANDER WETLIKE BEPALINGS

6.1 Die taalbeleid van die skool is onderhewig aan die bepalings van die Grondwet van 1996, Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet 84 van 1996) soos gewysig, die die Gautengse Skolewet, Nr 6 van 1995 en met inagneming van die Norme en Standaarde vir Taalbeleid vir Openbare Skole, en die Ministeriële Riglyne.

6.2 Die taalbeleid word so uitgelê dat dit met ander toepaslike en geldige regsbepalings oor taalgebruik in onderwys versoenbaar is.

6.3 Sonder om die algemeenheid van artikel 3.1 te beperk, is dit die uitgangspunt van die taalbeleid dat die beste belange in onderwysverband van die leerders van die skool gedien moet word en dat daar nie op enige relevante grond onbillik of onregverdig teen enige leerders gediskrimineer mag word nie.

6.4 By die bepaling van hierdie taalbeleid het die beheerliggaam die volgende faktore in ag geneem wat die volgende insluit maar nie daartoe beperk is nie:

6.4.1 Die taalbehoeftes en beste belange van leerders in die onmiddellike omgewing van die skool, die onderwysdistrik en omringende gemeenskap waarin die skool geleë is en met in ag neming van die groot aantal leerders wat jaarliks by aansoeke om toelating tot die skool, Afrikaans as hulle keuse van onderrigtaal aandui;

6.4.2 Die feit dat daar min skole in die groter gemeenskap en onderwysdistrik is wat Afrikaanse enkel-medium onderrig aanbied en wat voorsiening kan maak vir moedertaal onderrig in Afrikaans;

6.4.3 Die aantal leerders wie die keuse uitoefen om in Afrikaans onderrig te word en die feit dat vraag na Afrikaanse moedertaal onderrig in ‘n enkel-medium instelling die aanbod in die skool se breër omgewing oorskry;

6.4.4 Die toeganklikheid van ander skole in die onderwysdistrik wat Engels as onderrigmedium aanbied vir leerders wat die keuse sou uitoefen om in Engels onderrig te word;

6.4.5 Die feit dat dit redelik prakties doenlik is om Afrikaans as taal van leer en onderrig by die skool aan te bied;

6.4.6 Die beste belange van leerders in ag genome die belang van moedertaal onderrig;

6.4.7 Die bestaande aanvraag van leerders om in Afrikaans by die skool onderrig te word;

6.4.8 Die beskikbare bronne en kapasiteit van die skool om aan die taalbehoeftes van leerders te kan voldoen; die belang van die opvoedkundige waarde van die oordrag en bevordering van kultuur onder leerders wat met Afrikaans taal onderrig gepaardgaan;

6.4.9 Die belang van die handhawing en bevordering van Afrikaans as amptelike en inheemse taal as sy ontwikkeling as onderrigtaal in onderwys;

6.4.10 Die kapasiteit van die skool, sy bronne en sy klasruimtes.

## 7. TAALGEBRUIK BY SKOOL

7.1 Die skool is ‘n enkel-mediuminstelling soos bedoel in artikel 29(2) van die Grondwet.

7.2 Behoudens die bepalings van die taalbeleid, is die onderrigtaal by die skool Afrikaans.

7.3 Die kommunikasie taal waarin die skool bedryf of bestuur word, is Afrikaans, met dien verstande dat kommunikasie met buitestaanders in enige ander taal kan plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys en prakties doenlik is om in die taal behoefte van sodanige buitestaander te kan voorsien. .

## 8. BEVORDERING VAN VEELTALIGHEID

8.1 Die skool bevorder veeltaligheid binne sy vakaanbod en opvoedkundige vermoë deur die aanbieding van Engels benewens Afrikaans as volwaardige vakke.

8.2 Die aanbieding van die vakke in artikel 5.1 na verwys, geskied sover moontlik en waar toepaslik, inaggenome die betrokke graad, in die betrokke taal self.

8.3 In die algemeen neem die beheerliggaam en elke opvoeder by die skool redelike stappe om leerders in te lig oor die belangrikheid van veeltaligheid en diversiteit en om die aanleer van respek vir ander tale te bevorder.

8.4 Die skoolhoof lewer jaarliks aan die beheerliggaam verslag oor taalgebruik by die skool en tendense waarvan die beheerliggaam kennis behoort te dra.

## 9. DATUM VAN GOEDKEURING

Hierdie taalbeleid is goedgekeur deur die Beheerliggaam tydens ‘n vergadering gehou op 11 Mei 2026.

| | |
|---|---|
| **MNR. S.G. GOUWS** | **MEV. O.W. KLOPPER** |
| **BEHEERLIGGAAM VOORSITTER** | **HOOF** |
| **DATUM: Mei 2026** | |